# Sondag 23 April 2017

Alberton Suid
Gestuur




## Gebeurtenisse vir die Week:

| **Datum** | **Tyd** | **Gebeurtenis** |
|---|---|---|
| 24 April Maandag | 19:00 | Sentrale Kerkraadsvergadering |
| 26 April Woensdag | 10:00 | Silwerkroon Mini Kerk Ds. Willem Strauss |
| 27 April Donderdag | | **VRYHEIDSDAG** |
| 30April Sondag | 08:00<br>09:00 | Gebedsgroep<br>Erediens: Ds. Willem Strauss |

## WELKOM TERUG
## na die vakansie!

## Tema 2de Kwartaal:
## LEEF GEESVERVULD!

### VERGADERINGS:

**Sentrale Kerkraadsvergadering**
24 April 2017 en 08 Mei 2017 om 19h00 in die Raadsaal. Terugvoer word gelewer deur die verskillende werkgroepe.

**Finansiële Bestuurskommissie (FBK)**
Die vergadering van 8 Mei verskuif na 15 Mei om 18h30 in die Raadsaal.

**Maak 'n bydrae of doen 'n betaling met SnapScan!**

**LERAARS**
**Leier: Ds. Corneil du Plessis – 082 772 8630**
**corneil@albertonsuid.com**

**Ds. Willem Strauss – 082 779 4389**
**willem@albertonsuid.com**

**Bedieningsassistent – Rentia Human**
**082 454 8033 rentia@albertonsuid.com**

Bankbesonderhede
ABSA ï 631142 ï 210580026

**Saakgelastigde: Amanda Human**
**Tel: 011 869 9700 Faks: 086 243 5887**
**amanda@albertonsuid.com**

**Musiekdirekteur – Rudolf Geldenhuis**
**071 675 1706**
**rudi@albertonsuid.com**

## KERKKANTOOR

Die kerkkantoor sal gesluit wees vir admin. vanaf 11 April tot 05 Mei 2017.
Ds. Corneil is met verlof vanaf 25 April tot 2 Mei. Skakel Ds. Willem indien u 'n leraar benodig.

## OPDATERING VAN NGKAS SE DATABASIS:

'n Vriendelike versoek word aan almal gerig om asb. die lyste met name op die tafels in die sy-ingang van kerk na te gaan en by jou naam in die opmerkingkolom te merk of die inligting korrek is. Bring asb. veranderinge sommer daar op die lys aan. Indien jy weet van gesinne wat uit die gemeente vertrek het, gee asb. vir ons daarvan kennis in die opmerkingkolom by die gesinne se name.

By voorbaat baie dankie vir almal se vriendelike samewerking.

## PREEKREEKS: "LEEF GEESVERVULD"

Boekies met gespreksriglyne vir kleingroepe is by die kerkkantoor (ds Willem) beskikbaar @ R15.

Daar is leiersgidse ook op aanvraag beskikbaar. Kontak asb vir ds Willem hieroor.

Diegene wat graag dieper wil delf word aangemoedig om die boekie van Stephan Joubert "*Perspektief op die Heilige Gees*" @ R120 by CUM aan te skaf.



**BAADJIEPROJEK:**
Verlede jaar het 520 hawelose kinders en volwassenes 'n warm winter beleef te danke aan NG Alberton-Suid se warm harte! Hierdie jaar beoog ons om dit te groei tot ten minste 750 mense! Vir slegs R100 kan jy 'n verskil in 'n hawelose kind of volwassene se lewe hierdie winter maak en hulle help om warm te bly. Skandeer (scan) die Snapscan QR kode en vul "Baadjie" in as verwysing. Jy kan ook by die kerkkantoor inbetaal of 'n internet betaling doen met "Baadjie" as verwysing. Die geborgde baadjies sal tydens ons Pinksteruitreike versprei word en ook later met behulp van welsynsorganisasies soos die CMR.

**N G Kerk Kliprivierberg** benodig hulp om kospakkies op 'n maandelikse basis te voorsien aan 30 hulpbehoewende gesinne van hulle gemeente. Alberton-Suid is die enigste instansie wat hulle met die projek ondersteun.

Nuwe inhoudslysies vir Pak 'n Sak is beskikbaar by deure of Kerkkantoor. Help asb en gee jou sak af by Kerkkantoor voor die 10de van elke maand.

Baie dankie, vir die besondere mooi reaksie wat ons reeds ontvang het op hierdie kennisgewing!! Dit word opreg waardeer.

**" DIE SEUN VAN DIE MENS HET OOK NIE GEKOM OM GEDIEN TE WORD NIE, MAAR OM TE DIEN EN SY LEWE TE GEE AS LOSPRYS VIR BAIE MENSE." (MARKUS 10:45)**

## Verjaarsdae

| | |
|---|---|
| 23 April Sondag | Arno Barendze, Piet Greyling, André Jooste, Susan Lombaard, Marie Lotter, Maryna Reis, Megan Van Heerden-Wolfe, Ben Vorster. |
| 24 April Maandag | Marietta Barnard, Jacques Burger, Belinda Cornelius, Nadia Grobler, Rianna Rossouw, Frans Roux, Mieke van der Wal. |
| 25 April Dinsdag | Dirk Maritz, Heagan Oosthuizen, Yolandi Pretorius, Karien van Wyk, Robbie Zanoli. |
| 26 April Woensdag | Rita Bole, Christo Kunneke, Sunele Roux, Rene Meyer, Harold Struwig, Marianna Vosloo. |
| 27 April Donderdag | Tanya Jansen, Tony Meintjies, Ellen Terblanche, Paula van Huyssteen, Riaan Volschenk, Ambrenschir Wienecke, John Wilken. |
| 28 April Vrydag | Elize Bokelman, Angela Corbett, Maureen de la Rey, Eugene Delport, Deirdre Horne, Johan Neethling, Anja Rooseboom, Elma Rooseboom, Zoey Rooseboom, Johan Vorster. |
| 29 April Saterdag | Eldin Davel, Uwen du Plessis, Sean du Preez, Salomie Victor, Aalwyn Vorster, Dirk Weideman. |



**"Ek bid dat Hy deur sy Gees uit die rykdom van sy heerlikheid aan julle die krag sal gee om innerlik sterk te word." - Ef. 3:16**

## Lief & Leed

Susan van Zyl 011 869 1787, Gert Coetzee 011 869 7222, Chris Botha 083 633 3188, Lizanne Joubert 073 456 2982, Bennie Jordaan 082 771 7060, Susan Vorster.

- Susan Pretorius is tans in die hospitaal en het ernstige operasies gehad en toe komplikasies ontwikkel en is baie siek. Sy egter deur die ergste en toon tekens van verbetering alhoewel sy nog in die intensiewe sorgeenheid is. Dink asb. aan haar en haar kinders Dick en Susan en ander. (082 782 0482 - Dick)

## Ligstad

Wegneemetes word aangebied ten bate van Ligstad op 5 Mei 2017 vanaf 16h00 tot 18h30

Kerrie&Rys @ R25
Hoender op rys @ R25
Ribburger @ R25

Daar sal ook pannekoek te koop wees.

Bestellings kan ook geplaas word by

## VRYWILLIGERS – LAERSKOOL RANDHART

Laerskool Randhart het behoefte aan persone wat kan ñcupcakesò bak vir die minder bevoorregte kinders op hul voedingskema lys. Hierdie kinders kan nie bekostig om met hul verjaardae eetgoed skool toe te bring nie en dit sal waardeer word indien dames kan help bak. Kontak asb. vir Ilva Strauss, sy is die koördineerder hiervoor.

## DOOPKURSUS VIR DIE HUIDIGE KWARTAAL

Ons bied elke kwartaal ôn doopkursus aan vir doopouers wat ôn eersteling wil laat doop. Dit is verpligtend en ons versoek vriendelik julle samewerking. Wees verseker dat dit geweldig verrykend is. Dit is tyd en opoffering wat baie goed belê in julle geestelike groei en julle voorbereiding op verantwoordelike ouerskap.

Die kursus word oor twee Saterdae aangebied en wel op **6 en 13 Mei** van 9-11 vm. Skakel asb. so gou moontlik met ds. Willem by **082 779 4389** of per e-pos by willem@albertosuid.com om in te skryf. Ons benodig die getalle om voorbereidings te tref.

Alberton Suid Gestuur

